SURICATA

AMPTELIKE NUUSBRIEF VAN HOËRSKOOL MONTANA

Tel: (023) 347-0476
Faks: 086 464 6983
E-pos: hoof@monties.co.za
Webtuiste: www.monties.co.za
Facebook: Montie Montana

NUUSBRIEF 3 VAN 2020

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Graag wil ek my dank uitspreek teenoor elke leerder, ouer en personeellid vir u positiewe bydrae tot die skool, veral na afloop van hierdie kwartaal. Soos reeds verskeie kere genoem, is ons as rolspelers, almal verantwoordelik vir elke kind en die skool se sukses. Ons lewe in onseker tye en die COVID-19 bevestig net dat ons nie as eilande kan funksioneer nie, maar dat elkeen sy verantwoordelikheid moet nakom.

Die Korona-virus het die wêreld omtrent op sy rugekeer. Hierdie pandemie is iets wat slegs enkele mense in 'n leeftyd ervaar. Dit maak hierdie generasie deel van die geskiedenis. My mening is dat dit tot ons voordeel is, aangesien ons op ons knieë gedwing word en dat dit net weer ons totale afhanklikheid in die Here bevestig.

Iets goed wat hieruit voortvloei, is dat al die inwoners van die wêreld ingelig word en met met kennis daaroor toegerus word. Sou dit nie 'n wonderlike wêreld gewees het as die mensdom dieselfde reaksie getoon het oor christenwees, wat die ewige dood kan voorkom nie?

DIE WAARHEID MAAK VRY (Sielskos vir elke dag)

Kennis gee mag, maar om oningelig te wees breek ons lewenskrag.

Onthou jy die dag toe jy by 'n nuwe werk of skool ingestap het? Jy het vreemd en uit plek gevoel. Almal om jou was op hul gemak omdat hulle reeds vertroud was met die situasie en plek, die reëls en regulasies geken het. Maar jy as vreemdeling moes nog eers die nodige kennis opdoen om werklik deel te kon word van die nuwe omgewing.

So is dit ook met mense wat nie die Here daagliks volg, of op hoogte bly met Sy voorskrifte nie.

Wanneer hulle in 'n krisis beland en dringend soek na hulp en uitkoms, voel hulle soos vreemdelinge voor die troon van God; weet ook nie mooi hoe om Hom te nader nie.

Dan maak hulle staat op 'n ander se geloof vir gebed en bemoediging. "Bid saam met my." Of nog meer direk: "Bid asseblief vir my."

Ook twyfel hulle die heeltyd. Sukkel hulle om berusting te kry, omdat hulle nie tyd gemaak het om vertroud te raak met die waarheid in God se Woord nie. Hulle ken nie die waarheid nie en ook nie die Skepper van die waarheid nie.

Hoekom wil jy 'n vreemdeling en buitestander wees en bly?

Sy arms is wyd oop en Hy wag om jou deel van Hom te maak.

Bestudeer daagliks God se Woord en raak bewus van die waarheid van lewe, want dis daardie waarheid wat jou sal vry maak. Jou die vrymoedigheid sal gee van iemand wat behoort.

Ons gaan ten gronde as gevolg van 'n gebrek aan kennis.

Johannes 8:31 *"As julle aan My woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels; en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak."*

ONDERWATERHOKKIE – SA KAMPIOENSKAPPE

Kayden Schroeder was deel van die o.15A-span wat 'n goue medalje verower het tydens dié kampioenskappe.

Gerin Schroeder was deel van die o.19A-span wat 'n algehele 5de plek behaal het tydens die SA kampioenskappe. Ons is baie trots op julle mooi prestasie!

FIETSRY

TOUR DE WORCESTER: Baie geluk aan Jason de la Harpe wat 'n algehele 17de plek behaal het op die 76km roete van die Tour de Worcester.

KAAPSTAD FIETSTOER: Keegan Richards het die Kaapstad Fietstoer afgelê in 'n baie goeie tyd van 2:59:50.

Ons is baie trots op hierdie twee fietsryers se prestasies, harde werk word beloon!

SKAAK

'n Aantal van Montana se leerders het deelgeneem aan die Blitztoernooi wat deel was van die Worcester 200 Jaar vieringe. Tydens hierdie toernooi het Wesley Isaacs 'n silwer medalje verower en Mari Giani & Yusraa Mason albei 'n brons medalje. Baie geluk.

PERDRY

Mia Lombard het weereens puik presteer tydens die 2de rondte van die SANESA perdry. Mia verower twee 1ste plekke, 'n 3de plek en 'n 4de plek tydens hierdie kompetisie.

DANS

Mari Snyman het deelgeneem aand die Table View, Dance Domain, Matchdance. Mari behaal vier 1ste plekke in Cha-Cha, Salsa, Tango en Jive.

ATLETIEK

Danika van Deventer is opgeneem in die Bolandatletiek= span wat aan die Wes-Kaap kampioenskappe gaan deelneem.

Danika is as o.14 dogter in die o.15-span opgeneem vir 5000m stap.

HOKKIE – BRAKENFELL SPORTDAG

DOGTERS
o.18 **wen** 1-0 teen Bosmansdam

SEUNS
o.18 **wen** 2-1 teen Brackenfell

RUGBY – BRAKENFELL SPORTDAG

o.19A verloor 28-0 teen Edgemead
o.15A verloor 24-17 teen Monumentpark

Baie geluk aan Alicia Solomons wat as kaptein, in die Boland o.20-vrouespan opgeneem is.

NETBAL – BULFEES IN PORTERVILLE

o.14A verloor 12-4 teen Namakwaland
o.14A verloor 13-2 teen Robertson
o.14A verloor 9-6 teen Overberg

o.15A verloor 16-11 teen Robertson
o.15A verloor 11-4 teen Namakwaland

o.16A verloor 14-8 teen Hopefield
o.16A verloor 17-7 teen Overberg
o.16A **wen** 13-12 teen Curro Langebaan

o.19A verloor 31-11 te Overberg
o.19A **wen** 32-21 teen Curro Langebaan
o.19A verloor 31-19 teen Hopefield

SKAAK

SENIORSPAN
Ricu Naudé en Déhan Zauch **wen** hul wedstryde. Die senior span speel gelykop.

JUNIORSPAN
Die juniors verloor ongelukkig al hul wedstryde.



BUITESPORT

Enige uitslae van leerders wat aan buitesport deelneem, moet teen Sondae om 20:00 aan Mnr Stiaan Gunter by stiaangunter@gmail.com gestuur word.

VERSOEK

Ons versoek alle ouers wat hul kinders binne die terrein aflaai om hom/haar af te laai en onmiddellik weer te vertrek. Vermy ook asb om u seun/dogter voor die personeelparkering af te laai. Ons waardeer u samewerking in hierdie verband.

WêRELDBIDDAG VIR VROUE

Me Teresa Appel was die spreker met die tema: "Staan op, neem jou slaapmat en loop". Sang-, ballet-, klarinet- en gedigitems is onder andere deur leerders aangebied. Baie dankie vir die VRL wat onder leiding van ons hoofdogter, Chevonne Ashley, hierdie puik geleentheid aangebied het.

WORCESTER 200

'n Paar van ons skool se leerders het HS Montana verteenwoorig met die skoleparade by die 200-jarige feesvieringe van Worcester wat op die 25ste Februarie plaasgevind het. Hiermee wil ons Worcester baie geluk wens met die feesviering en dis 'n voorreg om deel te wees van die gemeenskap.

ALGEMEEN

Die skool heropen **Dinsdag 14 April 2020** om **07:25** met **Dag 6.** Die eerste kwartaal se rapporte sal op Vrydag 17 April 2020 aan die leerders uitgedeel word.

NB! Ons verwag dat daar weer fop nuus gaan wees. Die korrekte inligting sal altyd deur middel van die skool se platform **D6** gekommunikeer word.

OUERAAND

Die oueraande geskied per afspraak. Uitnodigings sal Dinsdag 14 April aan die ouers wat die oueraand asb moet bywoon gestuur word. Die ander ouers is egter steeds welkom om afsprake te maak.

Afsprake word by die kantoor 023 347 0467 gemaak.

GRAAD 8 en 9-OUERAAND: 20 April 2020

Afsprake met die vakonderwysers kan vanaf 17:30 tot 20:00 gemaak word. 'n 10-Minuut-afspraak per persoon word toegelaat.

GRAAD 10 tot 12-OUERAAND: 21 April 2020

Afsprake vind plaas vanaf 17:30 en sluit om 20:00. 'n 10-Minuut-afspraak per persoon word toegelaat.

DAGBOEK: 18 Maart 2020 – 27 April 2020

18 Mrt: **Dag 2**
Toets 11 & 13
Skool Sluit
19 Mrt: Vakansie
20 Mrt: Vakansie
21 Mrt: **Menseregtedag**
23 Mrt – 9 Apr: Vakansie
10 Apr: **Goeie Vrydag**
13 Apr: **Gesinsdag**
14 Apr: **Skool Begin 7:25**
Dag 6
15 Apr: **Dag 1**
Netbal: Wynland-Noord proewe
16 Apr: **Dag 2**
17 Apr: **Dag 3**
Rapporte uit
18 Apr: **Sportdag:** vs Langenhoven (Weg)

20 Apr: **Dag 4**
Oueraand Gr 8 & 9
21 Apr: **Dag 5**
Oueraand Gr 10 - 12
22 Apr: **Dag 6**
23 Apr: **Dag 1**
Sportdag: vs Bonnievale (Tuis)
24 Apr: **Dag 2**
VRL: Uitreik
Netbal: Kaapse Wynland proewe
Gr12: Onderwêreldvertoning 18:00
25 Apr: **Fietsry:** Spur 1 Durbanville (tbc)
27 Apr: **Vryheidsdag**
28 Apr: **Dag 3**

Alle datums onderhewig aan verandering

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

TEMA VIR 2020: EENHEID KWEEK SUKSES

"Alles gaan op die ou einde okei wees, as dit nie is nie, is dit nie die einde nie."
John Lennon

Geniet die skoolvakansie en onthou die higiëne ...

DJ DIEDERICKS
SKOOLHOOF